

## Baviaanskloof Toer April 2011



Vrydagoggend 1 April 2011 (no April-fools jokes please!) kon nie gou genoeg aanbreek nie! Vir die voorafgaande jaar is daar planne beraam, besprekings gemaak en swaarverdiende geld oorbetaal vir ons eerste REGTE bosvakansie met die onlangs aangeskafte Echo3. Terloops my skoonpa was so "impressed" met myne, dat hy 2 weke na ek myne gekry het, ook een in ontvangs geneem het! Who needs marketing!!

Die voorafgaande week was bestee aan die laaste los dingetjies aankoop (en die onvermydelike indraai by Outdoor Warehouse vir al die watookal wat altyd tot op die laaste vergete bly...en moenie Makro vergeet nie!) En die 205k kms diens by Toyota Kuilsrivier moes ook nog inpas!

Terug by Vrydagoggend – kwart voor 11 is die bakkie gepak en die Echo is gehaak en gelaai, reg vir ry! Die yskas is in die bakkie – tot bo gelaai met bier.. ek bedoel vleis en ander onontbeerlikhede soos kaas en melk.... Ek stap af laerskool toe om die jongste te gaan haal en terwyl ons wag vir sluitingstyd, bars daar 'n allemuntige reenbui los wat omtrent 'n kwartier lank almal deurnat in die parkeerarea laat.... Ek het my klerekeuse wat in die wale, op daardie stadium ernstig begin heroorweeg... gelukkig was dit nie te ver uit nie – oor die algemeen gesproke.

Kinders is almal tuis en die laaste afrondings soos geyser afsit en stopkrane toedraai is gedoen, en toe val ons in die pad na my skoonpa se huis, waar hulle ook nog besig was met laaste-laaste rondhardloop...noodeloos om te se ons is eers omtrent 2 uur onderweg. 'n Gevoel van "uiteindelik!" het oor my posgevat, na al die beplan, telefoonoproep, eposse, en die LAAANNNGG wag!

Montagu was gou in die tru-spieel en toe beur die Hilux voort met sy visier op Warmwaterberg Spa naby Barrydale.

Die eerste oornag was by Warmwaterberg Spa waar hulle (soos Montagu) natuurlike warmbaddens het. Ons wou voor donker daar aankom, en het dus nie baiekeer gestop nie. Laatmiddag het die Garmin my herinner dat ek nou op 'n "unpaved road" gaan afdraai – stop en "hubs lock" en die kort stokkie na die "4H" rigting druk-tyd! Die Hilux het weereens sy neus opgelig en ons is oor die kort grondpad tot by die ontvangs, waar groen grasperke ons ontvang het.

Al die logiese dinge was daar soos byvoorbeeld – elke staanplek het 'n braaidrom gehad met sy eie rooster (wel met ketting om te keer dat hy voete kry!) Die ablusies was basies maar het die nodige gebied. Die staanplekke (ons het geboek sonder kragpunte) was 'n perd van 'n ander kleur! Daar was lekker gras, maar om die waens gelyk te kry was 'n wiskunde onderwyser se grootste nagmerrie. Na heelwat gespoek, het ons die 2 Echos so gestaan maak dat mens darem nie uit die bed sou val nie, en gaan kyk wat die restaurant bied!

Die spyskaart was heel aangenaam en hoewel hulle nie TAFEL lager ken nie, het ons verder lekker ge-eet.



Kyk hoe ver is die jokkie wiel afgedraai!



Die restaurant se kroeg kompleet met vredelike Barman!

Die volgendeoggend was dit kamp afbreek en in die pad val na Duiwelskloof kamp. Klink maklik, tot mens besef die pad loop deur Oudtshoorn, ten tye van die KKNK! Mense se verstand bly mos by die huis as hulle na enige soort

fees toe gaan! Strate word toegemaak of summier eenrigting! Gelukkig het ons net diesel ingegooi en kos gekoop en toe gevlug! Ons het darem wel 'n paar 7de laan celebrities raakgeloop en die kinders was baie opgewonde daaroor.



Besig om te vlug uit Oudtshoorn se hoofstraat.



Willowmore nie te ver meer nie!

Duiwekloof was die volgende stop, en ons konvooi van 2 het gou met die teer klaargespeel tot bordjies Willowmore begin aankondig het! Ons was nog op koers!



Die Landy volg nog mooi!



Die landskap op pad na Duiwekloof



Die bord het die Hilux breed laat glimlag!



Die begin van die lekker paaie



Die foto hoort in een of ander brosoure!



Die locals se vervoer

By Duiwekloof aangekom was dit omtrent 'n belewenis – geen ontvangskantoor nie, mens ry by die hek in, en volg 'n duidelike 2-spoor pad, deur 'n droeë rivierloop, en skielik is jy daar! Party plekke was die plantegroei baie na aan die Hilux en ek is seker die Landy het ook 'n paar GT strepe ekstra as gevolg daarvan.



Die "regte" ingang – my Garmin het aangehou se ek moet nog 200m verder ry!



Die "magic tree"



Elke kampplek is gemerk en die area is duidelik uitgelê




Buitestort met warm water!

Elk van die kampplekke is duidelik gemerk, en die staanplekke is relatief gelyk. Die asblikke is weggesteek d.m.v. klipmuurtjies wat rondom hulle gebou is. Daar is 2 spoeltoilette en 2 warmwater storte – een binne in die toiletgebou en die ander buite tussen die bome. Daar is 'n lekker groot lapa braaiplek wat met ons aankoms klaar brandhout op gehad het, reg vir gebruik. Al die belangstelling in die omgewing werk met sonkrag en is dus nie steurend (m.a.w. te sterk) nie. Die hele area is op 'n Eco-friendly manier ontwerp, maar nogtans het jy alles gehad wat jy benodig. Dit verdien definitief sy 3 sterre.



Die omgewing



Die grootse berge!



Die braaiplek

Ons het net een nag hier gespandeer. As ek vooraf geweet het dit gaan so lekker hier wees, het ek langer geboek! Die volgendeoggend was dit weer oppak en aansuiker Doringkloof toe. Hier begin mens die Baviaans geniet, want tot dusver was dit meerendeels "plaaspaaie" met die nou en dan bergpas.



Doringkloof se ingang – "leopard friendly!"



Voorbeeld van die gras met jetty en dam net links buite foto

Die Doringkloof kamp was baie goed georganiseer. Gelyk sagteware gras staanplekke met kragpunte en ligte en naby ablusies (vir die dames!) Die staanplekke is massief en ek was verbaas dat daar nie meer mense daar was nie, aangesien dit skoolvakansie was. Ons het omtrent die een ablusieblok vir onsself gehad.



Mens het 'n keuse van of kamp op die grasperke of (soos die foto bo) in sulke boom "koepels" wat ook elk sy eie lig/braai/kragpunt het. Laat middag het die weer bietjie dreigend begin lyk toe moet die "lux ook diens doen as 'n afdak – het goed uitgewerk want almal het toe afdak om onder te sit, terwyl ons ook die roete van die volgende dag bespreek het na aandete. Gelukkig het die dreigende weer bedaar en toe was die afdakke net gebruik om die son weg te hou.

Doringkloof het 'n klomp Blouapies wat kom gesig wys het die een oggend. Hulle was nooit 'n las nie, maar duidelik nuuskierig!



Blouaap se kind!



Die uitsig vanaf die jetty

Daar is ook staproetes en 4x4 roetes op die plaas, wat op 'n bord by die ingang aangedui word. Ons het die een staproete aangedurf en moet se dit was lekker om sommer net op die plaas rond te stap, tussen die diere en die natuur.



Spilpunt besproeiing word op die plaas toegepas, veral vir die mielies wat daar verbou word.



Daar was drie semi-mak volstruise wat los rondgeloop het op die plaas. Hulle was egter nooit naby die kampterrein nie, so daar was nooit drama nie.

Terwyl ons by Doringkloof oorgebly het, het my Garmin Nuvi 710 besluit om die tydelike met die ewige te verruil (ek vermoed die motorlaaier was die oorsaak!) maar nodeloos om te sê, die res van die roete tot in Plett was genavigeer volgens die Slingsby Baviaankloof kaart wat ek gelukkig voor ons vertrek, by Outdoor Warehouse gekoop het. Defnitief die moete werd, want mens kan soveel inligting daarop vind, wat die Garmin (al sou hy gewerk het!) nie noodwendig sou aandui nie. Ek sou dit sterk aanbeveel!

Soos 'n oogwink was 5 van die 10 dae amper verby en ons was weer oppad.



Gou het ons by 'n kontrolepunt aangekom , waar die permitte gekoop moes word. Vriendelike personeel het dit 110% pynloos gemaak, en gou afgehandel.



Bietjie benerek by een van die passe se uitkykpunte



Kyk hoe ver het ons al gevorder!



So lyk die drifries (daar is baie) met meer of minder water...



Baviaans carwash!



Die siek Isuzu

Terwyl ons een van die passe oorsteek, kom ons op die gesig af – 'n Isuzu wat genoeg gehad het, sy bestuurderskant voor vering le op die grond – geen insittendes in sig nie. Gelukkig het hy na aan die afgordkant gestop en ons kon aan die bergkant verbykom, nadat ons 'n paar groot klippe in, ek bedoel UIT die pad geskuif het! Ons het die eienaar later by die onderkant van die pas raakgeloop en hom en 2 ander wat saam met hom was, 'n geleentheid tot op Patensie gegee (3 uur se ry verder!).

So druk die Hilux sy neus in die rigting van Plettenbergbaai, Forever Resorts Keurbooms om presies te wees. Nie voordat ons eers via Hankey (een van die kleinste dorpie wat ek nog beleef het!) na Humansdorp

en dan na die N2 rigting Plettenbergbaai, met die tyd wat lyk of dit ons gaan inhaal. Die was loshande die langste enkel skof van ons toer. Die "toer" na Patensie was nie beplan nie, maar die gebroke Isuzu se eienaar en medereisigers het dit genoodsaak, anders sou ons ver vantevore al weggedraai het Humansdorp toe!



Hankey se hoofstraat oppad na Humansdorp



Die bekende Paul Sauer brug! Hoogtevrees ?? Moenie afkyk nie!

Wat 'n belewenis om aan te kom by seker een van die skoonste mees moderne geriewe in die omgewing! En die uistig vanaf ons staanplekke was prentjiemooi! Ons het ons 3 dae in Plett vreeslik geniet en die kans gebruik om, saam met die toeriste, van die sites te gaan sien. Ons was by Birds of Eden, en het ook op 'n klein veerboot met die Keurboomsrivier op gevaar. Die voëllewe was fantasties en ons het heelwat Knysna Loeries en Malachite Kingfishers gesien.



Die uitsig vanaf ons staanplek – Die Keurboomsrivier

Ons het begin besef dat die vakansie vinnig einde se kant toe staan met van die voorlaaste paar aande hier, voor die lang trek terug huistoe (of so het ons gehoop) want op N2 beweeg mens (meestal) vinniger as in die Baviaans. Rede vir die stadig beweeg is 'n halfdoesyn STOP/GO punte wat ons skielik buite Riversdal teegekom het.

Laaste oorbly voor die tog huistoe was in die Bontebok Natuurreservaat! Ruwe grondpaaie met BAIE slaggate! Dit was maar stadig ry en bande afblaas om jou tande in die mond te hou!

Die blyplek daar was baie lekker. Elke staanplek het krag, lig en so 'n kliptafeltjie wat net hoog genoeg is om by kos voor te berei of drinkglase op neer te sit. Daar is interresante staproetes en mens kan lekker afkoel in die Breederivier.



Die staanplekke by Bontebok



Die landskap



Bontebokke!



Die wettter wat my tent deksel stukkend gebyt het!

Sondagoggend toe ons kamp afbreek trek ek ouergewoonte die tent se seildeksel onder die trailer uit, waar ek dit altyd sit. Toe ek dit oopvou sien jy net veldmuis se kind spaander! Nadere ondersoek het toe bewys dat die pietie 'n 5x5cm gat in die een kant van die deksel gevreet het, dwarsdeur die Velcro! Noodeloos om te se hulle word nie meer as "cute" beskou nie!!

Sondagaand het ons so 6 uur tuisgekom, en yskaste uitgepak/vee en afgesit, en weer begin met regmaak vir die skoolaksie wat Maandag in volle swang sou kom..... Wil ek dit weer doen – ENIGE TYD! Daar is net TE VEEL om in een toer in te neem, en daar is soveel ander kampplekke waar ons nie was nie! En daar was ook nie tyd vir of Addo of die Tsitsikama nie – so volgende keer!!

Die hoofdoel van die vakansie was om die boswaens te beproef in terrein waarvoor hulle ontwerp was, en die Baviaanskloof was definitief die regte keuse hiervoor. Van steil bergpasse wat mens meestal gedwing het om in eerste rat te bly, tot slaggat besaaide gelykpad, wat beten het dat ons die eerste 2 ure nadat ons by Doringkloof weg is, net 40km gevorder het! Verder is die bergpasse baie nou en die 3 voertuie wat ons aankomend teegekom het, was gelukkig op plekke waar mens KON verbykom. Ek sou ook 2 keer dink om die roete in die winter te doen (veral met sleepsels!) want te oordeel aan hoe die pad op plekke gelyk het, waar dit wel moes nat gewees het, en die diep slotte wat daar agtergelaat was, en die feit dat die talle driffies wat ons moes oorsteek, seker dan meer soos riviere sou lyk, sou dinge dan interessant gemaak het! Die spoelslote op van die passe duï ook daarop dat dit 'n ander ondervinding sou wees, om die passe in nat weer aan te durf, want so steil as wat die passe was om te klim, so steil was die afdraend aan die ander kant, wat beteken het dat die diesel se enginkompressie 'n groot bonus was, sodat mens nie permanent op die remme hoef te gelê het nie.

Ek dink egter mens kon langer in die kloof spandeer het, want daar was baie plekke waarby ons die eers uitgekom het nie, so daar is hope redes om weer te gaan en al die ander plekke te gaan opsoek!

\*\*\*\*\*